NOTULE VAN DIE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE KOMMISSIE VAN DIE S.A.S.K. GEHOU TE BLOEMFONTEIN OP 7 MEI 1957.

TEENWOORDIG: Di. P.S.Z. Coetzee (Voorsitter), B.J. Odendaal, D.G. v.d. Merwe en L.L. Nel.

Die Voorsitter open die vergadering met gebed.

1. EERW. A.J.H. FORD-VOGEL, THABA'NCHU:

(a) Duurtetoeslag: Die Sekretaris sal 'n skrywe rig aan die Kerkraad van die Moedergemeente, Thaba'Nchu met die versoek dat 'n verhoging gunstig oorweeg word.

(b) Ekstra £100 vir kerkgebou: Uitzicht: Aangesien die S.A.S.K. reeds £200 vir die doel geskenk het, kan hierdie versoek nie toegestaan word nie. 'n Kopie van die verduidelikende skrywe sal gestuur word aan ds. W.J. Olivier van Thaba'Nchu.

2. J.M. BADENHORST: DRUK VAN TESIS:

Aangesien 'n derglike versoek voorheen deur die S.A.S.K. afgewys is, kan die Uitvoerende Kommissie dit nie toestaan nie.

3. EVANGELIS VIR WERK LANGS SPOORWEG:

Dit word aan die Sekretaris opgedra om verder ondersoek in te stel na 'n bevoegde persoon en handelend op te tree.

4. NYASA-EVANGELIS, WELKOM:

£120 word vir 1957 toegestaan. Aansoek moet weer gedoen word vir 1958.

5. ADV. G.F. DE VOS HUGO:

'n Beskeie donasie sal aan hom gestuur word as blyk van waardering van die kant van die Vrystaatse Kerk vir sy onselfsugtige dienste op die Kommissie van Ondersoek.

6. WITZIESHOEK:

Daar word kennis geneem van verskillende sake wat voor die Bestuursvergadering op 10 Mei sal dien.

Die aanbou by die woning vir leerlingverpleegsters is reeds goedgekeur. Dieselfde metode van bou as in die verlede sal gevolg word.

7. CHRISTELIKE LEKTUURFONDS VIR DIE BANTOE:

Die Uitvoerende Kommissie is die saak goedgesind maar stem saam met die besluit van die Raad van die Kerke. Die saak sal voor die S.A.S.K. gelê word om aanbevelings aan die Algemene Sinodale Kommissie te doen.

8. SENDINGWERK IN BASOETOLAND:

Di. van der Merwe en Nel kry opdrag om 'n voorlopige basis van samewerking tussen die Moeder- en Sendingkerke op te stel.

9. EKUMENIESE SINODE:

Hierdie brief word verwys na die Scriba Synodi van die Vrystaatse Moederkerk.

2/.....

10. AANSOEK D.R. LOUW:

Die verskuldigde bedrag word voorlopig uit die Sendelinge Hulpfonds betaal. Aan die einde van die jaar word die gewone prosedure in verband met hulp uit hierdie fonds gevolg en die balans word in maandelikse paaiemente aan die fonds terugbetaal.

11. STREEKSINODE RHODESIESE GEMEENTES:

Die implikasies hiervan vir die Sending sal ondersoek word.

12. VERLOF J. KRIEK - KATETE:

Die Uitvoerende Kommissie keur die beginsel nie goed nie. Onder omstandighede word die versoek egter toegestaan.

Ds. B.J. Odendaal sluit die vergadering met gebed.